# GEDAGTE VIR DIE DAG

**"Wanneer ons daarna streef om beter te word as wat ons is, word alles rondom ons ook beter"**

MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL / PRIMARY SCHOOL

**NUUSBRIEF 11** **19 MEI 2022**

Geagte Ouers

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Besluite is deel van die alledaagse lewe: Of dit nou is om 'n gereg van 'n spyskaart te bestel of waar om jou motor te parkeer. Groter en belangrike besluite, soos om te emigreer of nie; vir 'n nuwe werk aansoek te doen; watter skool jou kind moet bywoon, moet ook geneem word. Jy kan selfs besluit om te *Google* watter stappe gevolg kan word om 'n besluit makliker te maak. Die beste besluit wat jy egter kan neem is om 'n ingeligte besluit te maak.

Ons bedank elke ouer wat die huiswerkopname voltooi het. Hierdie waardevolle en positiewe inligting gee ons weer die geleentheid om te groei en verbeter tot voordeel van almal by ons skool.

Mev. Tracy van Bylevelt is tans met siekverlof. Juffrou Natasha Hollander neem in haar plek waar tot verdere kennisname.

## INLIGTING

### KRIEKET

Eerstespanproewe vind op Vrydag, 20 Mei, om 14:00-16:30 en Saterdag, 21 Mei, om 09:00-11:30, in die nette plaas. O/13 Leerders wat in 2009 gebore is, sal in aanmerking kom vir proewe. Voltooi asseblief die onderstaande vorm so spoedig moontlik om u seun se beskikbaarheid te bevestig: https://forms.gle/PHsm33mdDZqeBWnbA
Krieketoefeninge begin eers op 6 Junie, aangesien ons 'n paar spanne het wat in die week van 30 Mei tot 3 Junie 2022, die uitspeelrondtes behaal het. Verdere inligting oor die **2022 Krieketseisoen** sal eersdaags aan u gekommunikeer word.

### MINI-HOKKIE

Oefening begin op Maandag, 6 Junie 2022. Klik asseblief op die skakel vir noodsaaklike inligting. **MINI-HOKKIE**

### SENIOR HOKKIE

- **Seuns:** Saterdag, 21 Mei 2022, is daar senior hokkieproewe van 11:30 – 12:30 vir die seuns wat nie verlede Saterdag se proewe kon bywoon nie.
- **Dogters:** Saterdag, 21 Mei 2022, vind daar ook proewe vir die o/12- en o/13 dogters, van 08:00 – 11:00, op *Midstream Ridge Laerskool* se hokkieveld, plaas.
- **Oefening:** Oefening begin op Maandag, 6 Mei 2022. Klik asseblief op die skakel vir noodsaaklike inligting. **SENIOR HOKKIE**

## TRUTH UITREIK – DBV

Die *TRUTH*-span reik eersdaags weer uit. Dié keer na die Dierebeskermingsvereniging in Centurion. Klik asseblief op die skakel vir meer inligting rakende hoe u betrokke kan raak. Indien u kind die uitreik wil meemaak, kontak asseblief vir juffrou Minette Bornman by minetteb@midstreamridgeprimary.co.za. U volgehoue ondersteuning vir ons liefdadigheidsaksies word opreg waardeer. **TRUTH DBV**

## CULTIVARIA

### ➢ Inskrywings en Cultivaria Handleiding

Daar is nog tyd om in te skryf tot die einde van vandag, deur op die geel skakel te klik.

**CULTIVARIA INSKRYWINGS**

Klik asseblief op die skakel vir die Cultivaria-handleiding: **CULTIVARIA HANDLEIDING**

### ➢ Cultivaria – Afrikaans Poësie / *English Poetry*

Neem asseblief kennis dat leerders wat ingeskryf het, hul boekies waaruit hul gedigte kan kies, op 3 Junie 2022 ontvang. Die datums waarop hul dit kom voordra, is as volg:

| | | |
|---|---|---|
| Afrikaans Poësie | Gr. 1-3 | 4 Augustus 2022 |
| Afrikaans Poësie | Gr. 4-7 | 1 Augustus 2022 |
| *English Poetry* | Gr. 1-3 | 25 Julie 2022 |
| *English Poetry* | Gr. 4-7 | 21 Julie 2022 |

## SKRYWER-BESOEK & DIE BOEKPLANEET

Die bekroonde en gewilde skrywer, Jaco Jacobs, kom ons leerders op 25 Mei 2022, toespreek. Saam met hierdie geleentheid, sal *DIE BOEKPLANEET*, Jaco Jacobs se boeke verkoop tydens hul boekverkoping op 25 en 26 Mei 2022, in die skoolsaal. Klik asseblief op die skakel vir verdere inligting. **BOEKPLANEET**

## KIBOOKS

*Kibooks* gee leerders die geleentheid om oral en op enige toestel te wees. Neem asseblief kennis van die opwindende aanlynbiblioteek – *Kibooks*, deur op die volgende skakel te klik. **KIBOOKS**

## *RISING TO FAME* KUNSTEFEES

Die *Midstream Ridge Musieksentrum* het op 4 Mei 2022 aan die *Rising to Fame Nasionale Kunstefees* deelgeneem, waarvoor deelnemers moes kwalifiseer. Ons is trots om te sê dat 29 van ons leerders vir hierdie geleentheid ingeskryf het. Baie geluk aan die volgende **wenners van hul kategorieë** (volgens ouderdom en instrument):

Adriaan van der Walt – Junior Klavier: Kategorie Wenner
Esli van Aswegen – Junior Sanger: Kategorie Wenner
Meldt van der Spuy – Junior Stryk: Kategorie Wenner en Algehele 1ste Plek in die RTF-Fees
Niya Ramlagan – Junior Houtblaas-Afdeling: Kategorie Wenner
Petroné van der Walt – Algehele 3de Plek in die RTF-Fees

## SPRINGFEST 10 SEPTEMBER 2022

Merk nou al die datum u kalender. Die *Spring Fest* is 'n heerlike dag vol pret en vermaak! Volg die skakel vir meer inligting. **SPRING FEST**

## *THE ABBA SHOW - A CINDERELLA STORY*

Klik asseblief op die skakel vir inligting rakende die internasionale balletskouspel wat op 30 Mei 2022, in die skoolsaal, plaasvind. ***THE ABBA SHOW - A CINDERELLA STORY***

## PERDRY-UITSLAE

Baie geluk aan die volgende leerders met hul puik prestasie tydens die *SANESA QUALIFIER 3* wat die afgelope naweek by Eaton Farm plaasgevind het.

| |
|---|
| **Zara Pappalardo**<br>1st Place in Level 7 Working Riding<br>1st Place Level 7 Performance Riding<br>1st Place Level 5 Working Hunter<br>1st Place Level 5 Dressage - Elementary Level<br>1st Place in both Prix Caprilli classes<br>4th Place Level 5 Jumping |
| **Alice Spickett**<br>2nd Place Level 2 Dressage A (joint with Mila)<br>3rd pace Level 2 Dressage B<br>3rd Place Handy Hunters Level 1<br>2nd Place Working Hunter<br>3rd Place Prix Caprilli<br>5th and 6th Places in Level 2 (60cm) Jumping |
| **Chloe Slade**<br>1st in 60cm Working Hunter<br>2nd in 60cm Show Jumping Accumulator<br>2nd in Level 5 Working Riding<br>3rd 60cm Show Jumping Competition |
| **Mila Cordier:**<br>1st Jumping 50cm Competition<br>2nd in Level 2 Dressage Test 3<br>2nd in Level 2 Dressage Test 4 |
| **Bailey Polomé**<br>1st in Hand Utility<br>1st Equitation 50's |
| **Caitlin Spies**<br>2nd Handy Hunter |
| **Edith Otte**<br>2nd in 2 Phase 50s Jumping<br>4th in 50s Competition Jumping |

Midstream Ridge-groete

**VERNON HARMSE**
**SKOOLHOOF**